SAOU

SAOU Gee die pas aan / Setting the pace

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief 10/2016 National Newsletter

14/04/2016

TYD VIR INKOPIES !!

SHOPPING TIME !!

Besoek die SAOU se webblad (www.saou.co.za), vir die SAOU Lifestyle Mall. Registreer eers en daarna kan u aanteken om voort te gaan met u aankope.

Daar is 'n handleiding met illustrasies wat u kan uitdruk vir u gerief. Hierdie bladsy kan u ook direk neem na die Mall, anders kan u gebruik maak van die skakel www.saoulifestyle.co.za

Indien u enige probleme ondervind met u **ID nommer tydens registrasie**, kontak asb ons **Call Centre** by 086 687 2476 of skakel vir **Retha Richter** by 012 436 0900.

Indien u enige **probleme ondervind betreffende die Mall self**, kontak asb **Randgo se Hulplyn** by **0861 113 922**.

You will find the SAOU Lifestyle Mall link on the home page of the SAOU website www.saou.co.za. You will need to register and log-on in order to continue with your buying spree.

An illustrated guide is available. This page also gives direct access to the Mall and can be printed for your convenience. Otherwise you can use the link www.saoulifestyle.co.za

Should you experience any difficulty with your **ID number during registration**, please call the SAOU Call Centre at 086 687 2476 or call **Retha Richter** at 012 436 0900.

Should you experience problems **with the Mall itself,** please contact **the Randgo Help line** at **0861 113 922**.



Solomon says / sê :

Behandel jou meerdere met beleefdheid omdat dit jou plig is; jou gelyke omdat dit jou plesier is; jou mindere omdat dit jou voorreg is ~ CJ Langenhoven

OWERHEIDSWERKNEMERS BEHUISINGSKEMA (OWBS) EN BEHUISINGSTOELAAG

Die SAOU word tans oorval met talle navrae oor die nuutste DPSA direktief (**kliek hier**) wat aan alle Staatsdiensdepartemente gestuur is met betrekking tot die aanpassing van die behuisingstoelaag vir ontvangers wat die toelaag ontvang in terme van 'n huurkontrak.

Bogenoemde direktief is voortspruitend uit PSCBC Resolusie 7 van 2015, effektief met ingang 1 Julie 2015, waar aangedui word dat alle werknemers wat tans kwalifiseer vir die behuisingstoelaag in terme van huurkontrak.

GOVERNMENT EMPLOYEES HOUSING SCHEME (GEHS) AND HOUSING ALLOWANCE

The SAOU has been overwhelmed with enquiries regarding the latest DPSA directive (**click here**) that was sent to all Government Departments with regard to employees who qualify for the housing allowance in terms of a rental agreement.

Above-mentioned directive emanates from PSCBC Resolution 7 of 2015, effective from 1 July 2015, in which it is indicated that all employees qualifying for the allowance in terms of a rental agreement.

Die volgende maatreëls geld:

1) Miv 1 Julie 2015 is die toelaag vir huurders verhoog na R1,200 pm.
2) Die toelaag sal jaarliks aangepas word met VPI van die voorafgaande jaar. Die eerste aanpassing sal op 1 Julie 2017 geskied.
3) Werknemers wat nie 'n eie woning besit nie, sal steeds R900 pm ontvang, die verskil van R300 sal in 'n spaarfasiliteit, *Individual-Linked Savings Facility (ILSF),* gedeponeer word. Werknemers kan ook die keuse uitoefen om die totale toelaag van (R1,200 pm) in die spaarfasiliteit *(ILSF)* te deponeer. Rente sal op die spaarfasiliteit *(ILSF)* verdien word.
4) Die geakkumuleerde besparings sal slegs onttrek kan word (miv 1 Oktober 2016) om huiseienaarskap te bewerkstellig.
5) Ten tye van diensbeëindiging sal die volgende geld:
   a) Aftrede of medies aftrede: Alle fondse in die spaarfasiliteit sal uitbetaal word.
   b) Afsterwe: Alle fondse in die spaarfasiliteit sal uitbetaal word aan die genomineerde begunstigdes.
   c) Bedanking of afdanking: Geen voordeel sal uitbetaal word nie.

Gaan dit nodig wees om enige aansoekvorms of stawende dokumente in te handig?
Slegs eerste aansoekers sal die nodige aansoekvorms moet inhandig. Werknemers wat tans die R900 toelaag ontvang sal nie enige vorms hoef te inhandig nie. Werknemers sal wel op hul salarisadvies sien, dat daar voortaan voorsiening gemaak sal word vir die spaarfasiliteit *(ILSF).*

Wat is die posisie van huidige ontvangers van die toelaag wat nie huiseienaars is nie?
Soos gestel hier bo, sal die R900 pm nie verhoog na R1,200 pm nie, maar die addisionele R300 pm sal in 'n spaarfasiliteit *(ILSF)* gedeponeer word. Daar moet in gedagte gehou word dat die aansoeker slegs kwalifiseer vir die voordeel vanaf datum van aansoek.

Wat is die posisie van nuwe aanstellings wat eiendom huur?
Hierdie werknemers sal nie enige toelaag fisies ontvang totdat hulle ook huiseienaars is nie, maar indien hulle die vorm "*TENANTS – HOUSING ALLOWANCE*" voltooi, sal die totale R1,200 pm in 'n spaarfasiliteit *(ILSF)* gedeponeer word. Hierdie opgehoopte spaarfasiliteit kan dan benut word (miv 1 Oktober 2016) wanneer die aansoeker 'n huiseienaar word. Daar moet in gedagte gehou word dat die aansoeker slegs kwalifiseer vir die voordeel vanaf datum van aansoek.

Skakel die SAOU se Inbelsentrum by 086 072 6843.

The following measures apply:

1) Wef 1 July 2015 the allowance for employees who rent will increase to R1,200 pm.
2) The allowance will be adjusted annually according to the CPI of the preceding year. The first adjustment will be effected on 1 July 2017.
3) Employees who don't own a dwelling will still receive R900 pm and the R300 will be deposited into an Individual-Linked Savings Facility (ILSF). Such employees will also be able to exercise the choice to deposit the total allowance (R1,200 pm) into the savings facility (ILSF). Interest will be earned on the savings.
4) The accumulated savings may only be used (wef 1 October 2016) for the purpose of acquiring home ownership,
5) In the event of termination of employment, the following will apply:
   a) Retirement or medical retirement: All funds in the savings facility will be paid out to the employee.
   b) Death: All funds in the savings facility will be paid to the nominated beneficiaries or the estate.
   c) Resignation or dismissal: no benefits will be paid out.

Will it be necessary for employees to submit any application forms or supporting documents?
Only first time applicants will need to apply by submitting application forms. Employees who are currently receiving the R900 allowance will not need to submit any documents. However they will note that on their payslips, that new PERSAL codes have been created to accommodate the savings facility (ILSF).

What is the position of current recipients of the allowance who are not home owners?
As stated here above the R900 pm will not increase to R1,200 pm. However, the additional R300 pm will be deposited in a savings facility on behalf of the applicant. It must be borne in mind that the applicant will only qualify for the benefit from the date of application.

What is the position of new appointments who rent a dwelling?
These employees will not receive an allowance until they become home owners. However, if they complete the form "*TENANTS – HOUSING ALLOWANCE"* the total R1,200 pm will be deposited in a savings facility. This saving facility may then be utilised (wef 1 October 2016) when the employee becomes a home owner. It must be borne in mind that the applicant will only qualify for the benefit from the date of application.

Contact the SAOU Call Centre at 086 072 6843.

TOEKENNING VAN BEURSE AAN DOKTORALE EN MAGISTERSTUDENTE
M- en D-beurse vir 2017

Die SA Akademie stel vir 2017 'n beperkte aantal studiebeurse beskikbaar vir M- en D-studie in enige vakrigting (geestes- of natuurwetenskappe). Die uitkoms van die betrokke studie ('n proefskrif of verhandeling) moet in Afrikaans wees. Kandidate wat voltyds studeer, kry voorkeur by toekenning. Deeltydse kandidate word egter nie uitgesluit nie. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is **31 Augustus 2016** en die uitslae sal in die eerste week van Desember 2016 bekend gemaak word. Wat benodig word sluit onder meer die volgende in:

1. 'n Goedgekeurde goed taalversorgde navorsingsvoorlegging
2. Die aanbeveling van 'n studieleier/promotor
3. 'n Voorlopige registrasiedokument (waar van toepassing)

Die aansoekvorm en besonderhede is op die SA Akademie se webwerf beskikbaar (www.akademie.co.za)

ERFENISSTIGTING: NASIONALE BERAAD VAN 2016

www.es.org.za

Neem asb kennis van die Erfenisstigting se Nasionale Beraad wat op 11 en 12 Augustus 2016 by De Kroon, Voortrekkermonument, Pretoria, gehou word. Vir verdere besonderhede kliek hier.

☎ 012 436 0900 / 086 072 6843 🖷 012 348 9658 ✉ saou@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za